

Universiteit van Pretoria

**BYBELKUNDE: IS DIE STUDIEVELD
VANSELFSPREKEND?**

Prof W Vosloo

William Vosloo is op 2 Augustus 1924 in die dorpje Swartkopsdorp gebore. Hy ontvang die B.A. graad in 1949 aan die Kaapstad Universiteit waar hy ook lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is. Hy ontvang die M.A. graad in 1951 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.Th. graad in 1954 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1957 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.T.M. graad in 1959 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1961 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1963 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1965 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1967 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1969 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1971 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1973 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1975 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1977 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1979 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1981 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1983 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1985 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1987 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1989 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1991 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1993 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1995 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1997 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 1999 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2001 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2003 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2005 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2007 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2009 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2011 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2013 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2015 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2017 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2019 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2021 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2023 aan die Kaapstad Universiteit. Hy ontvang die D.D. graad in 2025 aan die Kaapstad Universiteit.

**BYBELKUNDE:
IS DIE STUDIEVELD VANSELFSPREKEND?**

Prof W Vosloo

Intreerede gelewer op 28 September 1989 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Bybelkunde, Fakulteit Teologie (Ned Geref Kerk) aan die Universiteit van Pretoria.

CURRICULUM VITAE

PROF W VOSLOO

William Vosloo is op 7 April 1934 in die distrik Franschoek gebore. Hy matrikuleer in 1950 aan die plaaslike hoërskool waar hy ook hoofseun was. Vervolgens doen hy etlike jare ondervinding op by 'n geoktrooieerde rekenmeestersfirma, volg 'n kursus van die "Chartered Institute of Secretaries" (London), word toegelaat as geoktrooieerde sekretaris en administrateur, aangestel as sekretaris/rekenmeester van 'n groep maatskappye, en vorder tot die rang van direkteur: administrasie en finansies.

In 1966 verwerf professor Vosloo die BA-graad met Hebreeus en Wysbegeerte as hoofvakke aan die Buitemuurse Afdeling van die Universiteit van Pretoria. Hy behaal die Diploma in Teologie in 1969, die Proponentseksamen in 1970, en slaag die doktorsale eksamen vir DD in 1975, almal met lof. In 1978 verwerf hy die DD-graad met 'n proefskrif getiteld "Die Abrahamsbeloftes in die Abrahamsvertellings in Genesis. 'n Literêre en Teologiese Analise".

In 1971 word professor Vosloo bevorder tot lektor, in 1973 tot senior lektor en in 1979 tot medeprofessor in Ou Testament aan Unisa. In 1980 aanvaar hy 'n beroep van die NG Kerk as senior lektor in Ou Testament (Bybelkunde) aan die Universiteit van Pretoria. Einde 1981 word hy tot medeprofessor en begin 1987 tot vol professor bevorder. Met die selfstandigwording van die departement Bybelkunde in 1987 word hy daarheen geskondeer en op 1 Februarie 1989 as departementshoof aangestel. In 1981 inisier professor Vosloo die stigting van 'n vereniging vir Bybelkundedosente en sedertdien is hy die Voorsitter van die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging. Hy is ook lid van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika.

In 1986 woon professor Vosloo die "XII Congres of the International Organization for the study of the Old Testament" in Jerusalem by. Professor Vosloo lewer voordragte by etlike simposia, onderneem verskeie navorsingsprojekte, is die outeur of mede-outeur van agt publikasies en verskeie tydskrifartikels, en tree op as eksterne eksaminator vir 'n aantal universiteite. Hy speel 'n belangrike rol in die herkurrikulering van Bybelkunde op skool en dien op die vakkomitee vir Godsdiensoonderrig en Bybelkunde van die Departement van Onderwys en Opleiding.

Professor Vosloo is in 1970 gelegitimeer, in 1982 georden en dien op verskeie kerklike kommissies. Hy is betrokke by die stigting en verdere aktiwiteite van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding aan die Universiteit van

Pretoria, en is vanaf Augustus 1988 deeltydse direkteur van die Sentrum. Die afgelope aantal jare behartig hy die vrae oor die Ou Testament in die weeklikse SAUK-program "Wat sê die Bybel?", en is betrokke by uitsendings van Radiokansel. Hy is ook gemoeid met interkerklike pastorale en evangelisasieprojekte.

Professor Vosloo is getroud met Wien Botma en die egpaar het twee seuns, drie dogters en reeds twee kleinkinders.

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Vosloo te versoek om sy professorale intrede te lewer oor die onderwerp "Bybelkunde: Is die studieveld vanselfsprekend?"

Prof D M Joubert
WISE-KANSELIER EN REKTOR

BYBELKUNDE: IS DIE STUDIEVELD VANSELFSPREKEND?

1. DIE PROBLEEMSTELLING

Oor die aard, ensiklopediese plek en bestaansreg van die vak Bybelkunde is daar al baie geskryf (vgl Lombard 1973; Van Huyssteen 1974; Barr 1978; Eybers 1978:37-39; Deist 1981:32; Lategan 1981; Kotzé 1981:26; Kinghorn 1982; Van Huyssteen 1984; Kotzé 1987). Oor die presiese aard van die studieveld bestaan daar egter nog baie uiteenlopende menings.

Die naam "Bybelkunde" wek die verwagting dat die studieveld van hierdie vak niks anders is nie as die Bybel self. Toets 'n mens hierdie uitgangspunt aan die praktyk van die leerplanne van Bybelkundedepartemente aan verskillende universiteite in Suid-Afrika, word dit duidelik dat daar uiteenlopende opvattings bestaan. Uit 'n ondersoekgroep van veertien universiteite (waarvan twee Bybelkunde aanbied as deel van die kursus "Religious Studies"), blyk dit dat die volgende nie-bibliologiese komponente as deel van die vak doseer word:

- Geloofsleer en dogmatiek (ses).
- Etiek en heersende etiese vraagstukke (vyf).
- Godsdienwetenskap, vanaf antieke godsdienste tot moderne filosofieë en Afrika-godsdienste (vier).
- Kerkgeskiedenis (drie).
- Vakdidaktiek (twee).
- Praktiese Teologie (een).
- Sendingwetenskap (een).

Hierteenoor is daar twee universiteite wat benewens die inleiding tot en inhoud van die Bybel, geen verdere aandag aan die verstaan en uitleg van die teks self gee nie. Beoordeel volgens die uiteenlopende benaderings, is die studieveld van die vak dus geensins 'n kwessie van "die Bybel, die hele Bybel en niks anders as die Bybel nie".

'n Ontleding van die gegewens toon dat die byvoeging van Kerkgeskiedenis, Vakdidaktiek, Praktiese Teologie en Sendingwetenskap beperk is tot enkele universiteite wat dit uit hoofde van 'n unieke situasie doen. Dit laat nog die vraag tot hoe 'n mate Geloofsleer, Etiek en Godsdienwetenskap deel van die studieveld behoort te wees. Daarby moet daar opnuut gevra word na die rol van die Bybel – en dan die Bybel as 'n geheel – in die vak Bybelkunde.

2. DIE VERSKILLENDE STANDPUNTE

Ten grondslag aan hierdie verskil in benadering lê veral drie uiteenlopende standpunte.

2.1 Die eng bibliologiese standpunt

I H Eybers het reeds in die vroeë sestigerjare die standpunt ingeneem dat Bybelkunde hom op die studie van die Bybel alleen moet rig. Hy sê: *“Bybelkunde kan dus gedefinieer word as die studie wat gerig is op die verstaan van die Bybel as sodanig, en nie die bestudering van sy uitwerking nie”* (Eybers 1978:39). In 'n verdere voetnota stel hy dit onomwonde (teenoor Van Huyssteen 1974:3) dat enige sistematiesing, leerstellinghede, dogmas en kerkgeskiedenis nie deel van die studieveld van Bybelkunde kan wees nie omdat dit tot die kerklike terrein behoort (1978:43). In dieselfde trant sê Kotzé (1981:27) dat *“Bybelkunde beperk moet bly tot die Bibliologiese vakgebied”*.

Kinghorn (1982-30-33) vestig egter tereg die aandag op die probleme wat ontstaan wanneer die vak vanuit die begrip “Bybel” verklaar word. Daar kan eerstens gevra word wat met die begrip “Bybel” bedoel word en tweedens *“waarin die onderskeid tussen Bybelkunde en die kerklik georiënteerde teologie geleë is”* as albei dieselfde Bybel gebruik. Die model waarvolgens die Bybel as studieveld gebruik word, is vervolgens bepalend vir die identiteit van die vak Bybelkunde. Dit kan of die vorm aanneem van 'n “para-teologie”, waarvolgens die Bybel as 'n antieke geskrif bestudeer word met klem op die agtergrond van die Bybel (histories, argeologies, aardrykskundig), op die geskiedenis van die teks (kanoniek en tekskritiek) en op die letterlike betekenis van die teks vir daardie tyd (Kinghorn 1982:31), of dit kan konfessioneel geworteld wees wat meebring dat die Bybel bestudeer word volgens 'n *“spesifiek-kerklik gestempelde teologie”*.

Om die studieveld van Bybelkunde te omskryf as “die verstaan van die Bybel as sodanig” (Eybers 1978:39) of “die Bibliologiese vakgebied” (Kotzé 1981:27), lewer dus bepaalde probleme.

2.2 Die wyer bibliologiese standpunt

Oor die studieveld van Bybelkunde sê J C Lombard (1973:5): *“Vir beide Bybelkunde en teologie is die Heilige Skrif die primêre studiebron”*. Wanneer hy hierdie stelling inhoud gee, omvat dit egter meer as die sigwaarde omdat hy ook die geloofsleer en die vakdidaktiek insluit. Ten aansien van die

geloofsleer sê hy dis *“al die basiese waarhede wat deur die Skrifgetroue Christene geglo en bely word ... al die knellende en uitdagende probleme ook van die moderne lewe ...”* (Lombard 1973:11).

In aansluiting hierby merk Van Huyssteen (1974:4) op: *“... die Bybelkunde is die wetenskaplike bestudering van die Heilige Skrif, spesifiek dus die Ou en Nuwe Testamente, vanuit 'n bepaalde sistematies-teologiese aanbieding.”* Alhoewel hy dus ook die byvoeging van 'n sistematiese komponent voorstaan, kwalifiseer hy – in teenstelling met Lombard – sy standpunt. Hy sê Bybelkunde se *“vertrekpunt (kan) nooit finaal geformuleerde sekerhede insake die hoofemas van die christelike geloof wees nie”* (Van Huyssteen 1974:13).

In 'n oorsig van die verrigtinge op die eerste Bybelkundekongres in 1981 kom B C Lategan tot die slotsom dat *“alhoewel 'n suiwer of oorheersende dogmatiese benadering af te wys is, 'n mate van sistematiesing onvermydelik is”* (Lategan 1981:19). J Kinghorn (1982:37) beklemtoon weer die *“sterk normatiewe en lewensbeskoulike (“leerstellige”) dimensie”* en die *“sosiale relevansie”* van die Bybel. Goliath sluit hierby aan wanneer hy aktualiteit en kontekstualiteit benadruk en sê dat 'n *“lewensgerigte benadering”* en 'n *“etiese beklemtoning ... meer in lyn lê met die boodskap van Jesus”* (Goliath 1984:38).

Samevattend kom hierdie standpunt dus daarop neer dat die studieveld van Bybelkunde ook die sistematiesing en normerende aspek van die Ou en Nuwe Testamente moet insluit. Voorstanders van die eng bibliologiese standpunt is egter van mening dat hier te veel op die terrein van die dogmatiek en die etiek beweeg word. Hulle meen dat dit 'n wêg beweeg is vanaf die Bybelkunde en dat dit 'n beïnvloeding vanuit die klassieke teologie verteenwoordig. Daarteenoor is dit duidelik dat die studie van die Bybel nie as afgehandel beskou kan word alvorens die teologiese uitsprake en standpunte in die Bybel gesistematiseer is en die relevansie daarvan uitgespel word nie. Sodanige sistematiesing en normering mag egter nie oorgaan tot 'n dogmatiesing en 'n etisering nie.

2.3 Die godsdienshistoriese standpunt

Die godsdienshistoriese standpunt, ook “comparative religion” genoem, maak ruimte vir die dosering van ander godsdienste as deel van die vak Bybelkunde. Dit dek 'n groot verskeidenheid wat wissel van die antieke godsdienste van die Bybelse tye tot kontemporêre godsdienste soos Judaïsme, Mohammedanisme, Hindoeïsme, Afrika-godsdienste en selfs ook verskillende godsdienstige strominge.

Oor die prinsipiële begroning vir so 'n wye (en diverse) veld, bestaan daar haas geen dokumentering nie. Waarskynlik is dit 'n historiese ontwikkeling wat verband hou met 'n a-konfessionele benadering van die Bybel wat uitloop op 'n godsdienshistoriese uitkyk. Sekerlik is dit 'n wyse om die praktiese probleme van verskillende geloofsgroepe in een klas te probeer oorbrug.

Tog is so 'n Bybelkunde, alias vergelykende godsdiens, nie so 'n suksesvolle oplossing nie. Volgens Bill Domeris (1988:2-5) lewer 'n klas met persone uit verskillende gelowe ernstige probleme vir sowel dosent as student. Bybelkunde is 'n vak wat die Christelike siening en hantering van die Bybel (dws Ou en Nuwe Testamente) behandel. Sodra ander godsdiensdienste in eie reg as deel van Bybelkunde behandel word, word die karakter van die vak ingrypend gewisig sodat daar nie meer sprake van Bybelkunde kan wees nie. Met ander woorde, daar moet onderskei word tussen Bybelkunde en Godsdienswetenskap of Vergelykende Godsdiens.

2.4 Slotsom

Die uiteenlopende praktyke, gerugsteun deur ewe uiteenlopende opvattinge, is klaarblyklik simptome van bepaalde behoeftes ten aansien van die studieveld van die vak. Gevolglik behoort daar by 'n herbesinning oor hierdie studieveld nie krampagtig aan 'n bestaande tradisie vasgehou te word nie, maar behoort daar gevra te word hoedat nuwe behoeftes geakkommodeer kan word sonder aantasting van die wese van die vak.

Besprekings oor Bybelkunde is ook meestal vanuit òf die voorgraadse vlak, òf die skoolvlak gevoer (vgl Lategan 1981). Die nagraadse een het nog maar min aandag geniet, miskien omdat die vak te skoolgerig was. By die vraag na die studieveld van die vak behoort die eindpunt, naamlik die nagraadse vlak, egter 'n bepalende rol te speel. Die voorgraadse studies moet opwerk na die nagraadse vlak en die nagraadse studies en navorsing behoort rigtinggewend vir en die voorgraadse en die skoolvlak te wees. Daarom is dit besonder verblydend dat tersiële dosente 'n bepaalde inspraak gegee is in die ontwikkeling van die nuwe skoolsillabusse. Dit behoort voortgesit te word sodat die heersende probleme ten opsigte van Bybelonderrig ook deur samewerking tussen opvoeders en vakwetenskaplikes tot voordeel van die kind en dit waarvoor die vak staan, bevredigend opgelos kan word.

3. DIE NUWE GERIGTHEID AS BEPALEND VIR DIE STUDIEVELD

Vanaf die ontstaan van die vak in Suid-Afrika het dit 'n bepaalde, eng gerigtheid gehad. Op tersiële vlak was dit merendeels die voorsiening van

onderwysers en in 'n mindere mate die bybring van Bybelkennis vir voornemende teologiese studente. Hierdie gerigtheid het bepalend ingewerk op die vakinhoud, die studieveld, en dus ook op die identiteit van die vak. Daarmee was die vak tot 'n groot mate uitgelewer aan voorskrifte van buite sonder 'n eie karakter en met 'n baie beperkte potensiaal. Hierdie situasie is besig om ingrypend te verander (vgl Lategan 1984:2-5).

Eerstens het onderwysstudente begin beseft dat dit baie onwaarskynlik is dat hulle noodwendig poste in Bybelkunde op skool sal kry. Tog het hulle agtergekom dat die vak 'n belangrike komponent in hulle toerusting as onderwysers, maar ook as mens vorm. Gevolglik het al meer aspirant-onderwysers die vak begin neem ter wille van die geestelike waarde wat dit vir hulle inhoud. Daarby het 'n nuwe kategorie studente na vore gekom, naamlik diegene wat die vak ter wille van die kennis van die Bybel en die persoonlike geestelike vorming wil bestudeer. Die vak het dus geleidelik sy beroepsgerigtheid verloor en 'n nuwe gerigtheid verkry.

Hierdie verandering moet gesien word teen die agtergrond van 'n veranderende samelewing waarin die tegnologie 'n geweldige invloed op mense uitoefen en daar 'n wesenlike gevaar bestaan dat die mens eensydig kan ontwikkel. Bybelkunde bied die geleentheid om aan 'n ander faset van menswees aandag te gee, naamlik die geestelike, maar dan op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse. Sodoende word die weg geopen vir 'n uiters belangrike funksie van die vak Bybelkunde in die kweeking van gebalanseerde jongmense aan die universiteit. Met die eis van spesialisasie word die gevaar van eensydigheid al groter. Daarom is dit absoluut noodsaaklik dat kursusse en roosters die nodige ruimte bied vir studente wat saam met hulle beroepsgerigte opleiding ook die geestelike vormende invloed van Bybelkunde wil ondergaan.

Die nuwe gerigtheid het 'n beslissende effek op die studieveld en daarom ook op die vakinhoud van Bybelkunde. Alhoewel die eise van die skool en die teologie nog in aanmerking geneem moet word, vereis die nuwe kategorie studente dat daar ook voldoen word aan die besondere verwagtinge en behoeftes van hierdie groep. Afgesien van die behoefte aan verruiming van die studieveld en vakinhoud, het die behoefte aan vorming nuwe horisonne geopen wat op alle vlakke waarop die vak doseer word in aanmerking geneem moet word. Daarmee word dit nodig om opnuut te vra na hoe die Bybel as studieveld moet funksioneer en tot watter mate sistematiesing, etiese relevansie en ander godsdiensdienste 'n plek in die studieveld van Bybelkunde moet kry.

4. DIE STUDIEVELD: 'N ONTWERP

4.1 Die Bybel as primêre studieveld

As uitgangspunt geld die standpunt dat die Bybel, dit wil sê Ou en Nuwe Testamente, die primêre studieveld van die vak Bybelkunde behoort te wees.

Hierdie uitgangspunt impliseer dat die klem op die **verstaan en gebruik van die Bybel** moet val en daarom moet die leerinhoud ook hierop afgestem word. Met die Bybelinhoud as vertrekpunt, moet al die verskillende aspekte rondom die wetenskaplike verstaan en verantwoordbare gebruik daarvan deur kennisinsette en vaardigheidsontwikkeling bevorder word. Op die tersiêre vlak kom dit daarop neer dat daar alreeds vanaf die eerste jaar besondere aandag aan Skrifverklaring gegee moet word.

Die studieveld op **nagraadse vlak** behoort veral gekenmerk te word deur die vereiste dat die Bybel in die oorspronklike tale bestudeer en verklaar moet word. Alhoewel die student reeds vanaf die voorgraadse kursusse ingelei behoort te word in die verskillende uitlegmetodes en die verstaan van die Bybel in vertaalde vorm, moet daar op die nagraadse vlak 'n besondere klem geplaas word op die hermeneutiek, die verskillende eksegetiese metodes, die uitleg van die Hebreuse en Griekse teks, Bybelse teologie en die relevansie daarvan vir vandag.

Die feit dat daar op voorgraadse vlak van **vertalings** van die Bybel gebruik gemaak moet word en uit hoofde van die feit dat die vak met die hele Bybel werk, beteken "verstaan en gebruik van die Bybel" ook dat die vertalings verstaan moet word. Die verskillende vertalings van die Bybel deur die eeue en vertaaltegnieke wat gevolg is, vorm dus deel van die studieveld van hierdie vak.

Die omskrywing "die Bybel is die primêre studieveld" beteken verder ook dat **ondersteunende dissiplines** nie in eie reg 'n plek in die vak Bybelkunde het nie, maar net insoverre dit die verstaan en gebruik van die Bybel bevorder in hulle verband met hierdie primêre studieveld. Daarom behoort studievelde soos Bybelse aardrykskunde, die geskiedenis van Israel, die argeologie of die oudheidkunde nie as aparte onderafdelings van die vak aangebied te word nie, maar as invalshoeke om 'n bepaalde gedeelte te verstaan (vgl Lategan 1982:53).

Ter onderskeiding van die teologiese dissiplines Ou Testament en Nuwe Testament bestudeer die dissipline Bybelkunde die Bybel as 'n **geïntegreerde eenheid** en nie as afgebakende dele van die Bybel nie (vgl Roberts [1977]: 49). Daar word dus veel meer klem gelê op die kontinuïteit tussen die twee

testamente as op die diskontinuïteit. Dit beteken dat die studie van 'n gegewe teksdeel nie afgehandel is alvorens die verband met die ander testament ook nagegaan is nie. Lategan (1982:52) sê in hierdie verband: "*Ou Testament-temas behoort na die Nuwe Testament deurgetrek en Nuwe Testament-temas teen hulle Ou Testament-agtergrond behandel te word*".

Omdat Bybelkunde die hele Bybel as eenheid tot studieveld het, is dit vanselfsprekend dat die **intertestamentêre tydperk** veel meer tot sy reg moet kom. Die Septuaginta as die skakel tussen Ou en Nuwe Testament behoort dus veral op gevorderde vlak baie meer aandag te kry.

In teenstelling met die **kerklike aanbidding** van Ou en Nuwe Testament is die oogmerk nie die prediking in 'n bepaalde kerklike situasie nie. Venter (1987:288) stel dit soos volg: "*As akademiese dissipline wil dit binne die milieu van tersiêre onderrig mense daartoe bring om met die nodige kennis, insig en vaardigheid die Bybel te hanteer as historiese dokument met resente waarde in watter beroepsituasie hulle dan ook al beland*." Kinghorn (1982:39) onderskei tussen 'n "*kerklik-georiënteerde teologie*" en die toespitsing van Bybelkunde op "*die breë wêreld van die sosio-ekonomiese en tegnologiese*" groepering. Bybelkunde het die verantwoordelikheid om mense van alle lewenswandel toe te rus om die Bybel met meer verantwoordelikheid te hanteer. Nogtans, soos die kerklik-georiënteerde teologie daarteen moet waak om nie in 'n teologie van die kultus te verval nie, net so moet Bybelkunde daarteen waak dat dit nie 'n teologie van die markplein word nie (Kinghorn 1982:39).

4.2 Sistematisering

Die Bybel is 'n versameling uiteenlopende geskrifte. Om die Bybel as 'n geheel te probeer verstaan, vereis gevolglik dat daar 'n sekere mate van sistematisering gedoen moet word. Dit mag egter nie geskied op voetspoor van die dogmatiek en kerklike belydenisse of "*al die basiese waarhede wat deur die Skrifgetroue Christene geglo en bely word ...*" (Lombard 1973:11) nie. Nog minder mag Bybelkunde die stof van die Bybel orden aan die hand van bepaalde filosofiese sisteme (Venter 1987:293). Die sistematisering moet eerder wees op voetspoor van die Ou- en Nuwe-Testamentiese Teologie wat vanuit 'n historiese vertrekpunt motiewe en temas in die Bybel orden. Daarom behoort die vakinhoud op voorgraadse vlak 'n studie van bepaalde temas in die Bybel in te sluit, terwyl daar op nagraadse vlak aandag gegee behoort te word aan die Teologie van Ou en Nuwe Testamente, en dan veral in hulle onderlinge verband en kanoniese konteks.

4.3 Etiese relevansie

James Barr (1978:7-12) maak dit duidelik dat Bybelkunde nie los staan van empatie en persoonlike betrokkenheid nie. Die Bybel kan nie bestudeer word sonder dat die mens ontkom aan die vormende aanspraak wat dit uitoefen nie. Veral gesien in die lig van die groeiende belangstelling in Bybelkunde juis met die oog op die vormende waarde daarvan, is dit ondenkbaar dat die betekenis van die Bybelteks nie ook gestalte in die denke en lewens van die studente in die vak sal kry nie. Van Huyssteen (1974:11) praat van 'n "eksistensiële betrokkenheid" en 'n "Bybelkunde-vanuit-die-geloof". In sy bespreking van Van Huyssteen se standpunt sê Venter (1987:291) dat dit nie net gaan om rasionele informasie nie, maar ook om "woorde wat die mens eksistensiël beweeg tot 'n nuwe belewing van die werklikheid waarin hy reeds is." In 'n latere publikasie maak Van Huyssteen dit duidelik dat Bybelkunde vormend is wanneer dit "vanuit 'n bewustelik geformuleerde religieuse grondoorliging plaasvind" en wanneer die Bybelkundige "wetenskapsfilosofies bevry is ... van die positivistiese ideaal van 'waardevrye' en sg. ware 'objektiewe' onderrig" (Van Huyssteen 1984:9).

Hieruit word dit duidelik dat met vorming nie blote etiese voorskriftelikheid bedoel word nie. Die vorming oorskou 'n baie wyer horison. Dit gaan oor bepaalde rasionele denkpatrone, religieuse opvattinge en dan ook oor lewenswaardes. Wat hierdie soort vorming betref, staan die vlak voor reuse-uitdagings op al die verskillende vlakke waarop dit bestudeer en gedoseer word. Hoewel Bybelkunde "uit die aard van die saak 'n sterk normatiewe en lewensbeskouwlike (leerstellige) dimensie vertoon" (Kingham 1982:37), kan die studieveld egter nie uitgebrei word na etiese waardesisteme nie. Die etiese relevansie moet vanuit die teks na vore tree.

4.4 Ander godsdienste

In 'n samelewing waar die Christelike godsdiens maar een van baie ander is, is dit vanselfsprekend dat daar 'n behoefte aan 'n bestudering van ander godsdienste sal wees. As Bybelkunde egter 'n vakgebied is wat hom toespits op die verstaan en gebruik van die Bybel, kan daar nie regverdiging wees vir die uitbreiding van die studieveld tot ander godsdienste nie. Dan verloor die vak sy karakter en word dit 'n studie van godsdienste in plaas van die Bybel. Dis alleen die godsdienste van die Bybelse tye wat in 'n direkte verband met die verstaan van die Bybel staan wat prinsipiël by Bybelkunde tuishoort. Daar kan dus 'n saak uitgemaak word vir die betudering van die antieke Midde-Oosterse godsdienste, veral op nagraadse vlak.

Aan die ander kant behoort daar voorsiening te wees vir persone wat ander godsdienste wil bestudeer. By daardie universiteite waar daar 'n fakulteit teologie bestaan, word dit tradisioneel deur daardie fakulteit aangebied. Ander universiteite doseer dit as deel van Bybelkunde. P J van der Merwe het reeds die vraag gestel of godsdienswetenskap nie eerder vanuit die fakulteit teologie na die fakulteit lettere en wysbegeerte verskuif behoort te word nie. "n *Teologiese godsdienswetenskap wat nie sinvol by die teologiese raamwerk geïntegreer is nie, is 'n onding*" het hy gesê (Van der Merwe 1979:7). Dit wil voorkom of daar oortuigende redes vir so 'n verskuiwing kan wees. Eerstens sal dit meer tyd laat vir die verantwoordelike departement in die fakulteit teologie om meer aandag aan sending en ekumene te gee. Tweedens kan dit as deel van die fakulteit lettere en wysbegeerte toeganklik gemaak word vir baie meer studente. Dit kan ook die weg open dat verskillende kerke se dosente saamwerk in die aanbieding daarvan. Die vanselfsprekende is dan dat dit onder die departement Bybelkunde behoort te ressorteer, maar dan as 'n totaal aparte vak, naamlik "Vergelykende Godsdienswetenskap".

4.5 Implikasies vir leerinhoud

Hierdie ontwerp hou sonder twyfel implikasies in vir die leerinhoud van die vak op alle vlakke. Net enkele sake word uitgelig.

Op die **skoolvlak** sal daar meer aandag aan die *verstaan* van die Bybel gegee moet word, eerder as dat die klem op blote reproduksie van feitekennis gelê word. Belangriker nog, die toevoeging van die relevansie vir die daaglikse lewe bring die vraag na die verhouding tot Bybelonderrig/Godsdiensonderrig na vore. Daarmee kan die verklaarde onderskeid tussen Bybelkunde (nadruk op die kennisaspek) en Bybel/Godsdiensonderrig (nadruk op die vormende aspek) nie meer gehandhaaf word nie. Dit word al duideliker dat Bybelonderrig 'n nuwe gedaante sal moet kry en teen standerd 8 oorgaan in Bybelkunde as 'n keusevak. Godsdiensonderrig behoort te verwys na 'n vak wat nie net die Bybel as studieveld het nie maar ook ander godsdienste.

Op **voorgraadse vlak** sal daar 'n verskuiwing moet kom wêg van die ou klem op inleiding, aardrykskunde, openbaringsgeskiedenis en argeologie na sake soos die inhoud van die Bybel, Bybelvertaling, historiese problematiek, literêre benaderings, hermeneutiek, skrifuitleg en aktuele temas. Daarmee sal daar ook veel meer klem gelê moet word op selfwerkzaamheid en vaardigheid.

Op **nagraadse vlak** behoort daar geen wesenlike verskil in die hantering van die Bybel te wees in vergelyking met persone wat via die teologiese fakulteit

in Ou of Nuwe Testament spesialiseer nie, behalwe dat daar baie meer aandag gegee moet word aan die onderlinge verband tussen die twee testamente. Dit wil sê, nie alleen die problematiek van die vak nie, maar ook die teks van die afdeling waarin daar gespesialiseer is – sy dit Ou of Nuwe Testament – moet hy of sy op dieselfde vlak kan hanteer. Per slot van sake kan die Bybelkundige op die hoogste vlak niks anders wees as of 'n Ou-Testamentikus of 'n Nuwe-Testamentikus nie.

Hierdie stelling kan nou kortliks aan die hand van 'n teks geïllustreer word.

5. DIE STUDIEVELD: 'N ILLUSTRASIE

5.1 Inleiding

Hosea hoofstuk 11 is al bestempel as geen randteks nie, maar veeleer 'n sentrale teks (*“eine Spitzenaussage”*, Schüngel-Straumann 1986:120) in die Ou Testament. Helaas is die probleme ten opsigte van die teks net so moeilik soos wat die teks belangrik is. Meestal is die vrae meer as wat afdoende beantwoord kan word. Dalk bied die geveulde woorde van Rainer M Rilke (1962:34-35) ook in hierdie geval iets van 'n troos:

“... try to love the *questions themselves* like locked rooms and like books that are written in a very foreign tongue. Do not now seek the answers, which cannot be given you because you would not be able to live them. And the point is, to live everything. *Live* the questions now. Perhaps you will then gradually, without noticing it, live along some distant day into the answer.”

Die volgende verklaring van hierdie moeilike gedeelte moet dus ook beskou word as 'n verdere stap in die *“live ... into the answer”* van hierdie so belangrike teksdeel.

Daar is genoegsame aanduidings dat Hosea 11 'n selfstandige perikoop is wat as 'n eenheid bestudeer moet word. (Sommige geleerdes soos Wolff 1965:251 en Mays 1969:158 is van mening dat vers 10 'n latere toevoeging is, maar vgl die weerspreking deur Breytenbach 1979:309.) Die voorafgaande gedeelte eindig met 'n oordeel, terwyl hoofstuk 11 met 'n historiese terugblik begin. Waar hoofstuk 12 met 'n nuwe aanklag begin, eindig hoofstuk 11 met 'n heilsaankondiging en 'n slotformule. Die hele gedeelte word omraam deur die uitdrukkings *“uit Egipte geroep”* in vers 1 en *“uit Egipte vlieg”* in vers 11, waardeur die deel as 'n eenheid afgebaken word. Die gedeelte vertoon ook verskeie tekens van interne binding soos die verwysings na die uittoeg uit Egipte,

die benaminge Israel/Efraim, die gedagte van omkeer of bekeer, voornaamwoorde en voegwoorde. Ook inhoudelik vorm dit 'n eenheid.

5.2 HIPOTESESTELLING

Een van die grootste probleme in die perikoop is die vasstelling van 'n leesteks en 'n ooreenstemmende vertaling weens die onverstaanbare teksoorlewering by veral verse 2, 4, 7, en in 'n mindere mate by verse 3 en 6. Verskil in tekslesing en vertaling lei noodwendig tot verskil in inhoud of boodskap. Dit blyk duidelik uit 'n oppervlakkige vergelyking van byvoorbeeld Hosea 11:7 in die 1933/53-vertaling met dié in die 1983-vertaling. Dit lui soos volg:

1933/53-vertaling:

Want my volk dwing om van My afvallig te word; en as die profete hom roep na bo, rig hy hom glad nie op nie.

1983-vertaling:

Omdat my volk My verlaat het, sal party van hulle opgehang word en die ander sal die slawejuk moet dra, 'n juk wat nie afgegooi sal word nie!

In die oplossing van hierdie soort probleme word daar gewoonlik baie gesteun op variante lesings van ou vertalings soos die Septuaginta en die Targum, en die gebruik van soortgelyke woorde of uitdrukkings elders in die Ou Testament. Hierdie metode bied nie altyd bevredigende antwoorde nie, veral in die lig van die feit dat elke woord en vertaling sy eie konteks het. Variante lesings kan nie uit hulle konteks losgemaak word om as oplossings in 'n nuwe konteks te dien nie. Gevolglik moet die konteks van die Hebreuse teks self en die spesifieke deel waaroor dit gaan, dit wil sê, **die geheelbeeld van die betrokke perikoop**, as die primêre uitgangspunt dien vir tekskritiese arbeid, vertaling en verklaring van die deel.

In enige kommunikasieproses is die konteks en die kodes middele waardeur die sender 'n bepaalde boodskap aan die ontvanger oordra. Hierdie aanduidings, en met name die interne konteks, moet prioriteit geniet in die poging om onduidelike taalkodes te dekodeer. Op hierdie wyse word daar voldoen aan die ou reformatoriese reël *“sacra scriptura sui ipsius interpres”* (“die Heilige Skrif moet sy eie uitlegger wees”).

In sy bespreking van die interaksie tussen teks en leser gee Wolfgang Iser besondere aandag aan wat hy die “gapings” in 'n teks noem. Wanneer hy 'n gaping omskryf, sê hy: “the blank ... designates a vacancy in the overall system of the text, the filling of which brings about an interaction of textual patterns”

(Iser 1978:1982). Hy konsentreer grootliks op die dinge wat 'n skrywer verswyg of breuke wat 'n geheel in segmente verdeel en toon aan hoe die struktuur van die geheel rigtinggewend is vir die vulling van die gapings. Op so 'n wyse word die leser betrek in die verstaan van die teks. Die vulling geskied eger nie op 'n willekeurige wyse nie, maar is onderworpe aan die konteks en kodes in die teks self. Of, soos Iser dit stel, die leser moet gemaneuvreer word "*into a position commensurate to the intentions of the text*" (1978:213). Die teks self is "*an array of sign impulses (signifiers) which are received by the reader*" (Iser 1978:67). Dit is hierdie aanduiders in 'n teks wat rigting moet gee aan die invulling van die gapings.

Onverstaanbare teksoorlewering funksioneer soos die gapings waaroor Iser dit het. By die vulling van hierdie gapings behoort daar meer klem geplaas te word op die aanduidings in die teks self en dit 'n rigtinggewende funksie te laat vervul ook wanneer woordgebruik elders en woordvariante van vertalings oorweeg word. Uiteraard speel die leser se verstaan 'n rol in hierdie vullingsproses, maar dit moet steeds strook met die aanduidings (die "signifiers") in die teks. Dit beteken dat die "*tendency toward a meaning*" van die geheel 'n onderliggende struktuur verskaf waarbinne die dele mekaar bepaal (Iser 1978:195-196) en wat deurslaggewend behoort te wees by al die fases van die eksegetiese proses.

5.3 HOSEA 11 – 'N GEHEELBENADERING

5.3.1 Struktuuraanduidings

In die geval van Hosea 11 is daar minstens drie baie duidelike aanduidings:

Eerstens, die uittogtradisie wat in die hoofstuk 'n **interne konteks** skep (Schüngel-Straumann 1986:121, vgl Jeremias 1983:139; Mays 1969:153; Ward 1969:389-391). Dit word onmiskenbaar aangedui deur die herhaalde verwysing na Egipte in verse 2, 5 en 11.

Tweedens, die Hebreeuse woord *šūb* (bekeer, omkeer, terugkeer) wat as 'n **Leitwort** of selfs 'n **Leitmotiv** in die hoofstuk funksioneer en in een of ander vorm in verse 5, 7, 9 en 11 aangetref word.

Derdens, die metafoer van die opstandige seun. Waar die res van die boek die huweliksverhouding as metafoer gebruik met Israel in die rol van die vrou, gebruik hoofstuk 11 die metafoer van die vader-seun-verhouding. Wolff (1965:249) is van mening dat dit na analogie van Deuteronomium 21:18-21 die vorm van 'n regsgeeding teen 'n opstandige seun aanneem. Daar staan dat

die ouers van 'n opstandige en ongehoorsame seun hom na die leiers in die stadspoort moes neem en 'n klag teen hom moes lê. Daarna moes die seun gestenig word. Intussen is daar probleme geopper met betrekking tot die term "regsgeeding" as profetiese *genre* (De Roche 1983; Daniels 1987). Die gedagte van 'n analogie veronderstel weer 'n bepaalde ontstaanskronologie wat betwis sou kon word in die lig van 'n ander datering van die boek Deuteronomium.

Nogtans bestaan daar 'n noue band tussen die boek Hosea en die boek Deuteronomium (Zöbel 1985; vgl ook Mays 1969:153; Von Rad 1967:222; Wolff 1965:255) en ook tussen die regsproses van Deuteronomium 21:18-21 en die "histories-teologiese aanklag" (Wolff 1965:249; Schüngel-Straumann 1986:119) van Hosea 11 sodat dit baie waarskynlik is dat die optrede teen 'n opstandige seun destyds 'n bekende gebruik was en inderdaad hier bedoel word (Mays 1969:156; Stuart 1987:183).

Hierdie drie aanduidings verskaf nou 'n baie duidelike onderliggende struktuur: Die gedeelte wil die situasie van Israel skilder teen die agtergrond van die verhouding wat met die uittog uit Egipte tussen die Here en Israel ontstaan het, maar wat Israel verbreek het. Daardeur het die volk soos 'n opstandige seun geword wat weier om hom te bekeer. Teen die agtergrond van hierdie struktuur kan ons nou na die belangrikste tekstkritiese probleme kyk en die gedeelte in die lig van hierdie struktuur probeer verstaan.

5.3.2 Die mikrostruktuur

Die hoofstuk bestaan uit vier verskillende dele of subperikope:

- Verse 1-5 is 'n aanklag met getuienis uit die geskiedenis. Die verwysings na Egipte baken die deel as 'n eenheid af. In vers 1 is dit "*uit Egipte geroep*" en in vers 5 "*na Egipte toe moet teruggaan*".
- Verse 6-7 is 'n oordeelsaankondiging.
- Verse 8-9 is 'n heroorweging van die oordeel, of soos Wolff (1965:250) dit noem, 'n "*Schlichtungsvorschlag*". Dit word van die voorafgaande subperikoop onderskei deur die oorgang van derde persoon na tweede persoon.
- Verse 10-11 is 'n nuwe begin en word van die voorafgaande verse onderskei deurdat daar nou van die Here in die derde persoon gepraat word.

5.3.3 Die aanklag en historiese getuienis, verse 1-5

5.3.3.1 Die Verbondsverhouding

Vers 1 beskryf die totstandkoming van die verbondsverhouding. Die metafoer van vader-seun word normaalweg in die Ou Testament net gebruik ten aansien van die verhouding tussen die Here en die koning, waardeur en die volmag en die verantwoordelikheid van die koning tot uitdrukking gebring word (Jeremias 1983:143). Deur nou dieselfde metafoer te gebruik om die verhouding tussen die Here en die volk in Hosea 11 uit te beeld, word die verbondsverhouding binne die kragveld van sowel voorregte as verantwoordelikhede geplaas (contra Jeremias 1983:143). Daardeur word die toneel reg geskuif vir die eis van verantwoording in die res van die perikoop. Vers 1 beklemtoon die feit dat Israel 'n kind was ten tye van die verbondsluiting om daarmee aan te dui dat die liefde van die Here nie voortgespruit het uit bepaalde werke of gesindhede van die volk nie, maar uit blote ontferming en liefde (Breytenbach 1979:295). Daarby word die begin van die verbondsverhouding baie duidelik aan die gedagte van "uit Egipte" gekoppel.

5.3.3.2 Die aanhaling in die Nuwe Testament

In Matteus 2:15 word 'n deel van Hosea 11:1, "uit Egipte het Ek my seun geroep", aangehaal ten opsigte van Josef, Maria en die kindjie Jesus se vlug na Egipte toe. Alhoewel dit baie dikwels gebruik word as voorbeeld van Ou-Testamentiese aanhalings in die Nuwe Testament, is daar baie min diepgaande ondersoeke na die hele saak gedoen: Versteeg (1976:16-17) stel voor dat 'n targoem-metode gevolg is in die gebruik van die aanhaling; Goldingay (1982:8) sien die Matteusteks as 'n herinterpretasie van die Hoseateks; Du Toit (1986:37) verklaar dit as 'n herinterpretasie teen die agtergrond van die heersende uitlegmetodes van daardie tyd en gesien vanuit die oogpunt van die Christus-belewenis.

Tracy L Howard (1986:315-320) wys daarop dat daar veral vier maniere is waarop die aanhaling verklaar word:

- Die Hoseateks is 'n direkte voorspelling van Jesus se vlug na Egipte toe (bv RCH Lenski).
- Die Hoseateks bevat 'n dieper betekenis wat nie aan die profeet bekend was nie, maar wel aan God – die sogenoemde *sensus plenior*-beginsel (bv W LaSor).

- Die aanhaling is deur 'n "Matteusskool" op voetspoor van die Koemraan-sekte op 'n midrasj-pesjer-metode gebruik (K Stendahl).
- Die Hoseateks beskryf 'n tipe van Jesus Christus (AB Bruce, W Hendriksen, A Plummer).

Howard toon oortuigend aan dat nie een van hierdie vier verklarings houdbaar is nie en betoog dat daar eerder gepraat moet word van 'n analogiese verband tussen die twee tekste (Howard 1986:320-322). Hierdie analogie is na aanleiding van twee patrone. Eerstens is daar 'n "Eksodus-patroon". Met ander woorde, soos Hosea 11:1 die hele uittoggebeurtenis saamvat, so sien Matteus Jesus se optrede ook as 'n nuwe uittoggebeurtenis. Tweedens is daar 'n "seun-patroon". Waar Hosea 11:1 vertel van die *ongehoorsame* en *opstandige* seun Israel, so vertel Matteus van die *gehoorsame* en *onderdanige* Seun Jesus wat, nadat die eerste uittog en verbond misluk het, 'n nuwe uittog en 'n nuwe verbond tot stand gebring het. Hierdie analogiese herinterpretasie laat reg geskied aan sowel die Ou- as die Nuwe-Testamentiese teks en konteks en verdien om verder nagevors te word.

5.3.3.3 Die struktuur van Hosea 11:1-5

Hierdie subperikoop lewer bewyse uit die geskiedenis van Israel van die opstandigheid van die seun Israel. Daarmee word die leser reeds voorberei vir die verwagting van 'n straf op die skuldige seun Israel, naamlik die dood. Die bewyse word gelewer deur drie voorbeelde te gee van die Here se liefde en trou en dan telkens aan te toon dat die volk dit met verwerping en ontrou beantwoord het:

